

## Formele Kennisgewing

### KENNISGEWING VAN DIE OORDRAG VAN 'N GEDEELTE VAN DIE VERSEKERINGSBESIGHEID VAN GUARDRISK LIFE NA EMERALD LIFE INGEVOLGE ARTIKEL 50 VAN DIE VERSEKERINGSWET

Dit is Guardrisk Life Beperk (registrasie nommer: 1999/013922/06) ("**Guardrisk Life**") se bedoeling om 'n gedeelte van sy versekeringsbesigheid oor te dra na Emerald Life Eiendoms Beperk (registrasie nommer: 2016/534835/07) ("**Emerald Life**") ingevolge artikel 50 van die Versekeringswet, 18 van 2017 (die "**Versekeringswet**") ("**Voorgenome Oordrag**").

Die Voorgenome Oordrag raak al die begrafnis polisse wat deur Guardrisk Life onderskryf word, deur Emerald Life geadministreer en verkoop word (die "**Oordrag Polisse**"). Die Oordrag Polisse sal oorgedra word na Emerald Life ingevolge die voorwaardes van die ooreenkoms aangaande die oordrag van besigheid, wat tussen Guardrisk Life and Emerald Life gesluit is (die "**Oordrag Ooreenkoms**").

Vanweë die feit dat die Voorgenome Oordrag die oordrag van die Oordrag Polisse vanaf Guardrisk Life na Emerald Life sonder die toestemming van polishouers behels, vereis die Versekeringswet dat 'n gedetailleerde regulatoriese proses aangegaan word, wat onder andere, die verkryging van toestemming by die Voorsorgowerheid vir die Voorgenome Oordrag insluit.

Emerald Life sal al die verantwoordelikhede van Guardrisk Life aangaande die Oordrag Polisse oorneem en uitvoer, sodra die Voorsorgowerheid die Voorgenome Oordrag goedkeur.

Die besonderhede van die Voorgenome Oordrag is in die Oordrag Ooreenkoms vervat. Die Oordrag Ooreenkoms is onderworpe aan die vervulling van opskortende voorwaardes, wat onder andere insluit, dat die Voorsorgowerheid die Voorgenome Oordrag goedkeur.

Elektroniese kopieë van die Oordrag Ooreenkoms en ander tersaaklike dokumente aangaande die Voorgenome Oordrag sal beskikbaar gestel word van **25 Mei 2022** tot **23 Junie 2022** op die webtuistes van:

- Guardrisk Life: <https://guardrisk.co.za/policyholder-notifications/>;
- Emerald Life: [https://emerald.life.co.za/gr\\_transfer](https://emerald.life.co.za/gr_transfer); en

by die hoofkantore van Emerald Life (86 Edward Street, 3rd Floor, Sterling Place, Bellville 7530), Behalwe op Saterdag, Sondag en Openbare Vakansie Dae (die "**Inspeksie Periode**");

Enige persoon wat 'n belang het in hierdie aangeleentheid, kan gedurende die Inspeksie Periode vertoë rig aan die Voorsorgowerheid oor die Voorgenome Oordrag. Die vertoë moet die Voorsorgowerheid ten laaste op **23 Junie 2022** bereik.

Rig asseblief alle navrae per e-pos te [info@emerald.life.co.za](mailto:info@emerald.life.co.za).

Alternatiewelik, rig asseblief alle navrae direk aan die Voorsorgowerheid per e-pos, by [SARB-PA@resbank.co.za](mailto:SARB-PA@resbank.co.za).